Kanjani Children's Village
His heart, His hands, His little children

**No. 29 – 15 June 2009**

Liewe vriende en familie,

Eerstens wil ons baie dankie sê vir almal se boodskappe en sms'e met Lourie se pa se hartomleidingsoperasie. Dit was 'n baie geslaagd en hy is nou baie mooi aan die herstel.

**Projekte en persoonlik:**

Ek het verlede keer vir julle vertel dat die mielielande nou klaar geoes is, en dat ons nou kan bepaal wat die grootte van die oes was. Hou in gedagte dat die lappie grond slegs een hektaar is, en dat dit jare laas bewerk was. Nou ja- ons is van mening dat ons 'n baie goeie oes gehad het, want ons het net meer as 3 ton mielies afgehaal. Om presies te wees - 3.4 ton! Wel, in Zambiese terme is dit oorweldigend.

Lourie het verlede jaar begin met "Farming God's Way" en alhoewel ons dit nie voluit kon doen nie, a.g.v. verskeie faktore, was die oes nog steeds baie suksesvol. Maar die feit bly staan – dit was 'n mooi oes en al die Villagers wil nou kom aanmeld vir die program. Wel, ons weet mos almal "sien is glo!"

Ons het die hammermeule wat die Kanadese kerk geskenk het, langs die kombuis aan die vloer vasgemessel en sal eersdaags begin mielies maal. Die "locals" kan nie wag nie want nou hoef hulle nie meer mielies met hulle stampers fyn te maal nie. Die wat nie kan betaal nie, sal betaal met 'n emmer mieliemeel wat dan na die weeshuis se stoor sal gaan.

Mary, die pastoor se vrou, wat die plaaslike winkeltjie vir ons bestuur, sal ook dan later weer van hierdie mieliemeel terug verkoop aan die "villagers". Ek en Mary het die winkeltjie vol voorraad gemaak en hier is sy besig om van die voorraad aan te ry na haar winkel. Op die volgende foto maak sy die "buns" wat sy ook in die winkel verkoop. Sy bak hierdie hele plaat in 'n tradisionele oond wat met 'n oop vuur werk.



*Clothes handed out to all the headmen (17 of them) to give to the orphans in their villages.*



*Mary on her way to her shop*

Hello to you all

We want to thank everyone for all the messages of support with Lourie's dad's big heart bypass operation. It was a great success and he seems to be recovering well.

**Projects and personal:**

Last time we told you about everyone taking part in bringing in the maize harvest. It's all been done now and we think we had a rather good harvest considering that the fields had not been planted for the last few years. We managed to bring in 3 tons of maize from our postage stamp size farm which is great for Zambian standards. To be exact, it was 3.4 tons!

Lourie started with a programme called "Farming God's Way", which is very similar to Conservation Farming where you do not till your fields at all. The idea is not to disturb the micro cosmos in the upper parts of the soil and to keep the organic material, which accumulates on the surface, intact. The layer of organic material on the surface is called "God's blanket" and serve more than one purpose like keeping the moisture inside and to create compost for the following years.

The hammer mill is almost operational and the villagers cannot wait because that would mean the end of the laborious task, to pound their maize. Those who do not have cash, would pay with a bucket of maize, which would then go to our store room. That would then be used, when times get tougher round the end of the dry season when a lot of villagers would have depleted their supply of maize.

Mary, who runs our little shop, would then sell the maize back to the ones in need. On the picture Mary is getting stock for the shop and the other picture shows Mary getting

Verlede week het Mike en Susan gevra of ons die kinders kan leer om koekies te bak – wel, my moed het my begewe en toe besluit ek om sommer ‘n mengsel soetkoekies aan te maak en vir elkeen ‘n bolletjie deeg te gee en dan moes hulle hul eie vormpies uitdruk. Dit was reuse pret en veral toe hulle agterkom hulle kan dit nog boonop eet ook! Die klassies is nou kleiner (50 kinders per klas) en dit maak dit meer hanteerbaar vir sulke projekkies.

Capie se rekenaarklasse is propvol bespreek en selfs van die hoofmanne het kom aansoek doen om lesse te neem. Capie het toe ‘n rooster opgestel en van die volwassenes sal verwag word om ‘n minimale fooi moet betaal.

**Gebedsversoeke:**

† Sê saam dankie vir die suksesvolle afloop van skoonpa se operasie. Hy is alreeds weer op die been, maar die heupe is nog ‘n groot probleem.

† Bid asseblief saam vir Capie se werkspermit. As dit suksesvol is, dan het ons nog vir ‘n rukkie hulp. Hy is nou vir ons onmisbaar!

† Sê saam dankie vir almal se betrokkenheid en/of bydraes

Baie, baie dankie en seën vir julle!

**Lourie & Gisela Ferreira**
**www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com**
✉ Posbus 630677, Choma, Zambië



*All dressed up in warm clothes!*



*Baking cakes*



*Baking cakes*

buns ready to go into her oven, which is a traditional oven, fired by an open log fire. She also sells the buns in the shop and they are a big favourite! Mike and Susan, the two preschool teachers, asked me last week to help teach the children to bake their own cakes. I was a bit hesitant at first but they had so much fun and they enjoyed it more when they realised they could eat their own creations. The size of the preschool classes has been reduced to about 50 children per class which is much easier for the teachers to handle.

Capie’s computer classes are very popular and some of the headmen have even shown interest in attending lessons. The interest is overwhelming and the adults would be expected to pay a minimal fee.

**Prayer requests**

† Let us all thank God for the successful heart bypass operation which Lourie’s dad had. He is already back home but the one hip is still a big problem.

† Please pray for Capie’s application for a work permit. He has been helping us so much that it would be very difficult without him on the farm.

† Thank God for everyone who is making it possible for us to reach out to so many underprivileged children!

Many thanks to you all!

Blessings!

**Lourie & Gisela Ferreira**
**www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com**
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children’s Village
His heart, His hands, His little children